DIE WEG CHRISTELIKE GEMEENTE

DOPING MET VUUR

PASTOOR JOHAN PUTTER

14 JUNIE2015

NELSPRUIT

DOPING MET VUUR

INHOUDSOPGAWE

INLEIDING 3

TEKSGEDEELTE 4

TEKSVERS 5

KONTEKS 6

RAAMWERK 6

IS DAAR IN DIE BYBEL 'N VERBAND TUSSEN GOD EN VUUR AS 'N SIMBOOL? 6

- **OU TESTAMENT** 6
- **AFLEIDING** 7
- **NUWE TESTAMENT** 7
- **GEVOLGTREKKING** 8

BETEKENIS VAN VUUR EN DOOP IN GRIEKS 8

IS DOPING MET DIE HEILIGE GEES EN VUUR, EEN OF TWEE HANDELINGE? 9

BETEKENIS VAN DOPING MET VUUR ..... **Error! Bookmark not defined.**

OPSOMMING 10

TOEPASSING 10

DOPING MET VUUR

INLEIDING

Johannes die Doper het in Matt. 3: 11 verklaar dat Jesus mense met die Heilige Gees en met vuur gaan doop.Ons gaan vanmore probeer uitvind wat doping met vuur in die konteks van Matt. 3 beteken.

Ons meen dat dit ‘n aktuele ondwerwerp is. Behalwe dat ons behoort te weet wat die teks van doping met vuur beteken, het daar die afgelope tyd reg oor die wêreld, verskeie “Heilige Vuur” of “Heilige Gees Vuur,” bedieninge ontstaan.

Dit is bedieninge waar enige van die volgende kan gebeur:

1. Die Pastoor sê vir die persoon vir wie daar gebid word, om sy hande uit te hou. Hy ontvang dan vuur van die Pastoor, wat hom een of ander voordeel soos genesing, besorg.
2. Die Pastoor bid vir ‘n gelowige. Die persoon ontvang vuur en val om. Verskeie geestelike ervaringe word dan beleef.
3. Die Heilige Vuur kan ook gebruik word om gelowiges van bose geeste te bevry.
4. Die Pastore kan “Heilige Vuur” in mense intap wat hulle geloofslewe versterk.
5. Mense herhaal die woorde “HolyFire” aanmekaar tydens sang.
6. Heilige vuur olie ens. word verkoop.

Die ervaringe wat met die ontvang van Heilige Vuur gepaardgaan, is baie werklik. Sommige mense ontvang genesing. Ander beleef visioene.

Mense wat ervaring van die Heilige Vuur het, meen dat dit hulle geloofslewe baie versterk het. Ons het in ons gemeente ervaring van die Heilige Vuur bediening.

Die vraag wat ons vanoggend gaan bespreek is, hoe moet ons hierdie fenomeen van die Heilige Vuur beoordeel? Is dit waarlik van God of nie?

Dit is ‘n vraag wat met groot omsigtigheid hanteer moet word. Ons moet veral teen die volgende waak;

1. Ek het ‘n spesifieke beskouing van die Bybel, en omdat die aangeleentheid nie binne my beskouing pas nie, verwerp ek dit.
2. Ek is onkundig oor die Bybel en verwerp die siening omdat ek nie weet dat dit in die Bybel is nie.

3. In my soeke om nader aan Jesus te kom en in kennis toe te neem, aanvaar ek alle geestelike dinge wat lyk asof dit die persoon se geloof versterk, sonder om dit te beoordeel.

Indien ons vandag die Heilige Vuur fenomeen wil beoordeel, moet ons duidelikheid kry oor watter kriteria ons gebruik. Daar is vandag drie kriteria in die Christelike Kerk naamlik:

1. Bybel word as enigste kriteria gebruik om geestelike aangeleenthede te beoordeel.
2. Bybel is belangrik, maar God die Heilige Gees, kan vandag nog nuwe openbaringe aan die Kerk gee.
3. Bybel is belangrik, God die Heilige Gees, kan vandag nog nuwe openbaringe gee en die geestelike gebeurtenis moet vir die gelowige opbouend wees.

Ons gemeente bely dat ons die Bybel as enigste kriteria gebruik om geestelike dinge te beoordeel en verwerp die ander twee kriteria. Ons gaan vandag die Bybel as maatstaf gebruik om te bepaal of die onderwerp van God se vuur, van God af is, of nie.

Ons gaan die volgende vrae bespreek:

1. Waar in die Bybel word oor God se vuur geleer?
2. Wat beteken die doping met vuur?
3. Hoe vind doping met vuur plaas?

Ons teksgedeelte is:

TEKSGEDEELTE

MATT. 3:1-12 (1983 AFR. VERTALING)

“In daardie tyd het Johannes die Doper in die woestyn van Judea begin preek en gesê: “Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom.” Hy is die een wat die profeet Jesaja bedoel het toe hy gesê het: “Iemand roep in die woestyn: Maak die pad vir die Here gereed, maak die paaie vir Hom reguit.” Hierdie Johannes het klere van kameelhaar gedra met ’n leerband om sy heupe, en hy het van sprinkane en veldheuning gelewe. In dié dae het Jerusalem en die hele Judea en die hele omgewing van die Jordaan na hom toe gestroom. Hulle het hulle sondes bely en hulle deur hom in die Jordaanrivier laat doop. Toe hy merk dat baie van die Fariseërs en die Sadduseërs kom om deur hom gedoop te word, sê hy vir hulle: “Julle slange, wie het julle wysgemaak dat julle die dreigende toorn kan ontvlug? Dra liewer vrugte wat bewys dat julle bekeer is. Julle moet julle nie verbeel dat julle by julleself kan sê: ‘Ons het Abraham as voorvader’ nie. Dit sê ek vir julle: God kan uit hierdie klippe kinders vir Abraham verwek. Die byl lê klaar teen

die wortel van die bome. Elke boom wat nie goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi. Ek doop julle wel met water omdat julle julle bekeer het, maar Hy wat ná my kom, is my meerdere, en ek is nie eers werd om sy skoene uit te trek nie. Hy sal julle met die Heilige Gees en met vuur doop. Hy het sy skop in sy hand en Hy sal sy dorsvloer deur en deur skoonmaak. Sy koring sal Hy na die skuur toe bring, maar die kaf sal Hy met 'n onblusbare vuur verbrand."

MATTHEW 3:1-11 (AMPLIFIED)

"In thosedaysthereappeared John theBaptist, preaching in the Wilderness (Desert) of Judea 2 Andsaying, Repent ([a]thinkdifferently; changeyourmind, regrettingyoursinsandchangingyourconduct), forthekingdom of heaven is at hand. 3 This is hewho was mentioned by theprophet Isaiah whenhesaid, Thevoice of onecrying in thewilderness (shouting in thedesert), Preparetheroadforthe Lord, make Hishighwaysstraight (level, [b]direct). 4 Thissame John's garmentsweremade of camel'shair, andheworealeathergirdleabouthiswaist; andhisfood was locustsand wild honey. 5 Then Jerusalem andall Judea andallthe country roundaboutthe Jordan wentouttohim; 6 Andtheywerebaptized in the Jordan by him, confessingtheirsins. 7 Butwhenhesawmany of thePhariseesandSadduceescomingforbaptism, hesaidtothem, You brood of vipers! Whowarnedyoutofleeandescapefromthewrathandindignation [of God againstdisobedience] that is coming? 8 Bring forthfruitthat is consistentwithrepentance [let yourlivesproveyourchange of heart]; 9 And do notpresumetosaytoyourselves, Wehave Abraham forourforefather; for I tellyou, God is abletoraiseupdescendantsfor Abraham fromthesestones! 10 Andalreadytheax is lyingatthe root of thetrees; every tree thereforethatdoesnotbeargoodfruit is cutdownandthrownintothefire. 11 I indeedbaptizeyou[c]in (with) water [d]because of repentance [that is, because of your[e]changingyourmindsforthebetter, heartilyamendingyourways, withabhorrence of yourpastsins]. But He Who is comingafter me is mightierthan I, Whosesandals I am notworthyorfitto take offorcarry; He willbaptizeyouwiththeHolySpiritandwithfire."

Ons teksvers is:

TEKSVERS

MATTHEW 3:11 (AMPLIFIED)

"*But He Who is comingafter me is mightierthan I, Whosesandals I am notworthyorfitto take offorcarry; He willbaptizeyouwiththe**HolySpirit**andwith**fire***."

KONTEKS

Johannes die Doper was besig gewees om in die woestyn te bedien. Mense het op grond van sy prediking tot bekering gekom en wou hulle laat doop. Daar het onder andere Fariseërs en Sadduseërs na Johannes gekom. Hy het hulle toe meegedeel dat daar ‘n persoon na hom gaan kom, wat met die Heilige Gees en met vuur gaan doop. Ons weet uit latere tekste dat Johannes hier na Jesus Christus verwys.

Daar word in al vier Evangelies na hierdie gesprek van Johannes verwys. In Mattheus 3:7-12 en Lukas 3: 7-17word meegedeel dat Jesus met die Heilige Gees en met vuur gaan doop. In Markus 1:1-8 en Johannes 1:29-34 is die deel oor die doping met vuur, uitgelaat.

RAAMWERK

Alvorens ons die vraag oor doping met vuur kan beantwoord, meen ek dat ons eers die volgende vrae moet probeer beantwoord;

1. Is daar in die Bybel ‘n verband tussen God en vuur as ‘n simbool?
2. Die teksvers verklaar dat Jesus met die Heilige Gees en met vuur gaan doop. Is dit een gebeurtenis dws gelowiges word met die Heilige Gees en met vuur gedoop, of is dit twee aparte gebeure?
3. Wat is die betekenis van die woorde doop en vuur in Grieks?
4. Wat presies beteken ons teksvers?
5. Hoe beoordeel ons die Heilige Vuur bedieninge?

IS DAAR IN DIE BYBEL ‘N VERBAND TUSSEN GOD EN VUUR AS ‘N SIMBOOL?

OU TESTAMENT

Moses en die brandende bos.

DEUTERONOMY 4:11

"Youcamenearandstoodatthefoot of themountain, andthemountainburnedwithfiretotheveryheart of theheavens: darkness, cloudandthickgloom.”

LEVITICUS 9:24

“Thenfirecameoutfrombeforethe LORD andconsumedtheburnt offering andtheportions of fat onthealtar; andwhenallthepeoplesawit, theyshoutedandfellontheirfaces.”

EZEKIEL 39:6

"And I will send fireupon Magog andthosewhoinhabitthecoastlands in safety; andtheywillknowthat I am the LORD."

ISAIAH 4:4

"Whenthe Lord haswashedawaythefilth of thedaughters of Zionandpurgedthebloodshed of Jerusalem fromhermidst, by thespirit of judgmentandthespirit of burning."

JOEL 2:30

"I willdisplay wonders in theskyandontheearth, Blood, fireandcolumns of smoke."

AFLEIDING

Vuur in die Ou Testament is 'n simbool van:

1. God se heilige en almagtige teenwoordigheid.
2. God se oordele.
3. Geestelike reiniging.

NUWE TESTAMENT

Kom ons let nou op tekste uit die Nuwe Testament, behalwe ons teksgedeelte en die soortgelyke tekste in die vier Evangelies.

LUKE 12:49

"I havecometocastfireupontheearth;"

ACTS 2:3-4

"Andthereappearedtothemtongues as of firedistributingthemselves, andtheyrestedoneachone of them. AndtheywereallfilledwiththeHolySpiritandbegantospeakwithothertongues, as theSpirit was givingthemutterance."

HANDELINGE 2:19

"*Ek sal tekens bo in die lug en wonders onder op die aarde gee: bloed en vuur en rookwolke."*

EPHESIANS 6:16

"In additiontoall, takinguptheshield of faithwithwhichyouwillbeabletoextinguishalltheflamingarrows of theevilone."

JAMES 3:6

"Andthetongue is afire, theveryworld of iniquity; thetongue is set amongourmembers as thatwhichdefilestheentirebody, andsetsonfirethecourse of ourlife, and is set onfire by hell."

1 PETER 1:7 *“So thattheproof of yourfaith, being more preciousthangoldwhich is perishable, eventhoughtested by fire, maybefoundtoresult in praiseandgloryandhonoratttherevelation of Jesus Christ.”*

HEBREWS 1:7

“*And of the angels He says, "whomakeshis angels winds, andhis ministers aflame of fire.*"

REVELATION 4:5(NASB)

“Outfromthethronecomeflashes of lightningandsoundsandpeals of thunder. Andthereweresevenlamps of fireburningbeforethethrone, which are thesevenSpirits of God”

REVELATION 13:13

“He performsgreatsigns, so thatheevenmakesfirecomedownout of heaventotheearth in thepresence of men.” (Anti-Chris)

GEVOLGTREKKING

Vuur in die Nuwe Testament is ‘n simbool van:

1. God se heilige en almagtige teenwoordigheid.
2. God se oordele.
3. Die vyand kan ook vuur veroorsaak, hetsy deur wonderwerke of brandende pyle wat op gelowiges afgevuur word.
4. Die mens kan deur sy tong verkeerdelik te gebruik, ‘n vuur aansteek.
5. God die Heilige Gees kan ook deur vuur gesimboliseer word.

Ons het nou ‘n goeie oorsig van vuur as ‘n simbool van God. Kom ons kom nou terug na ons teksvers.

MATT:3:11

“Ek doop julle wel met water omdat julle julle bekeer het, maar Hy wat ná my kom, is my meerdere, en ek is nie eers werd om sy skoene uit te trek nie. Hy sal julle met die Heilige Gees en met vuur doop.” Wat beteken dit?

BETEKENIS VAN VUUR EN DOOP IN GRIEKS

VUUR

Poor: lightning,fiery, fire. (letterlik en figuurlik)

DOOP

baptizo□: To make fully wet.

Ons kan hieruit die afleiding maak dat doping met vuur, beteken om geheel en al in vuur te wees. Soos wat jy in water onderdompel word, so word mens in vuur onderdompel as ons met vuur gedoop word.

IS DOPING MET DIE HEILIGE GEES EN VUUR, EEN OF TWEE HANDELINGE EN WAT BETEKEN DIT?

Ons leer in ons teksvers dat Jesus ons met die Heilige Gees en met vuur sal doop.
Is dit een of twee gebeurtenisse?

Volgens Handelinge 2:3-4 kan dit een gebeurtenis wees.

ACTS 2:3–4

"Andthereappearedtothemtongues as of firedistributingthemselves, andtheyrestedoneachone of them. AndtheywereallfilledwiththeHolySpiritandbegantospeakwithothertongues, as theSpirit was givingthemutterance."

Daar is vandag getuienisse van betroubare gelowiges wat getuig dat hulle 'n geestelike ervaring met God die Heilige Gees gehad het, waar dit vir hulle voel of hulle liggame vuurwarm word. Dit is asof hulle in vuur gedompel word.

Ek dink as gelowiges met die Heilige Gees en met vuur gedoop word, soos in Handelinge 2 vermeld, dan beteken dit prakties gesproke twee dinge;

1. Ons word deur die Heilige Gees vir dienswerk bekragtig.
2. Ons word gelouter en geleer om 'n heilige lewe te lei.

Volgens Matt. 3:12 kan dit ook twee aparte gebeurtenisse wees. Jesus doop mense met die Heilige Gees, en doping met vuur kan Jesus se oordeel behels. Hy is ook die Regter.

MATTHEW 3:12 (AMP)

"*Hiswinnowingfan (shovel, fork) is in His hand, and He willthoroughlyclearoutandcleanHisthreshingfloorandgatherand store Hiswheat in Hisbarn, butthechaff He willburnupwithfirethatcannotbe put out."*

MATT. 3:12

"Hy het sy skop in sy hand en Hy sal sy dorsvloer deur en deur skoonmaak. Sy koring sal Hy na die skuur toe bring, maar die kaf sal Hy met 'n onblusbare vuur verbrand."

Doping met vuur, kan ook verwys na die dag wat Jesus as Regter sal optree en diegene wat Hy veroordeel, in die ewige vuur van die hel sal gooi.Daar sal mense in vuur gedoop oftewel in vuur onderdompel word. Vuur wat nooit sal uitblus nie.

OPSOMMING

Ons het nou ‘n redelike idee wat God se vuur beteken.

1. God se heilige en almagtige teenwoordigheid.
2. God se oordele.
3. Die finale oordeel waar ongelowiges in die hel gewerp sal word.
4. Die mens kan deur sy tong verkeerdelik te gebruik, ‘n vuur aansteek.
5. God die Heilige Gees kan ook deur vuur gesimboliseer word.
6. Persoonlike loutering.
7. Persoonlike heiliging en reiniging van sonde en ongeregtighede.

TOEPASSING

Kom ons keer terug na die vraagstuk wat ons met ons inleiding hanteer het.
Hoe moet ons in die lig van die Bybel, die hedendaagse “Heilige Vuur” of “Heilige Gees Vuur,” bedieninge beoordeel?

Dit is bedieninge waar enige van die volgende kan gebeur:

1. Die Pastoor sê vir die persoon vir wie daar gebid word, om sy hande uit te hou. Hy ontvang dan vuur van die Pastoor, wat hom een of ander voordeel soos genesing besorg.
2. Die Pastoor bid vir ‘n gelowige. Die persoon ontvang vuur en val om. Verskeie geestelike ervaringe word dan beleef.
3. Die Heilige Vuur kan ook gebruik word om gelowiges van bose geeste te bevry.
4. Die Pastore kan “Heilige Vuur” in mense intap wat hulle geloofslewe versterk.
5. Mense herhaal die woorde “HolyFire” aanmekaar tydens sang.

Ons kan in die lig van ons verstaan van die Bybel, nie daarmee saamstem nie.

Daar is egter wel iets soos doping met vuur. Jesus is die Doper. Dit kan wees wanneer ‘n gelowige met God die Heilige Gees gedoop word, of wanneer Jesus as Regter sal optree.

AMEN